Laeveld Jagters-,Vuurwapenversamelaars-, Sportskiet- en Wildbewaringsvereniging.
Lowveld Hunters, Firearm Collectors, Sport shoot and Game Conservation Association

SAPS Accreditation Certificate No's 1300028 & 1300064& 1300047
NPO Registration Number: 185-487 NPO (16/02/2017)

Tel: 078 0199 076
E-mail : accounts@lowveldhunters.co.za

DISCIPLINARY CODE/ DISSIPLINÊRE KODE

1. Any act or omission of any member which prima facie constitutes a contravention of any of the Rules of Firearm Safety or which is contrary to the Constitution of the Association may be investigated by a Disciplinary Committee appointed by the Central Committee, where after the former shall report to the Central Committee which shall, after having afforded the transgressor the opportunity to answer to the allegations, either verbally or in writing or both, take the necessary action which it may deem fit and which may include, but which is not limited to, the termination of membership and the reporting of the transgression to the relevant authorities.

   Enige handeling of versuim deur enige lid wat *prima facie* op ´n oortreding van die Wapen veiligheid reëls neerkom, of teenstrydig is met die Grondwet van die Vereniging mag deur ´n Dissiplinêre Komitee wat deur die Uitvoerende Bestuur aangestel is ondersoek word waarna eersgenoemde verslag doen aan die Uitvoerende Bestuur, waarna laasgenoemde dan, nadat hy die oortreder die geleentheid gebied het om mondeling of skriftelik of beide, op die bewerings te antwoord, die nodige stappe doen wat hy dienstig ag en wat insluit, maar nie beperk is nie tot, die beëindiging van lidmaatskap en die rapportering van die oortreding aan die betrokke owerhede.

2. No disciplinary hearing is required in the event of a member being deemed to be unfit or declared unfit upon his or her conviction of any offence or upon having been declared unfit to possess a firearm by the Commissioner of the SAPS. The member may, however, request the Central Committee to temporarily suspend him or her rather than to terminate his or her membership pending his or her appeal against such conviction referred to in Article 3, section 5.2 or the finding as envisaged by Article 3, section 5.3.

   ´n Dissiplinêre ondersoek word nie gehou in die geval waar ´n lid onbevoeg geag of onbevoeg verklaar word by skuldigbevinding aan ´n misdaad of by onbevoeg verklaring deur die Kommissaris van die SAPD nie. Die lid mag egter die Uitvoerende Bestuur versoek om sy of haar lidmaatskap tydelik op te skort eerder as om dit te termineer hangende sy of haar appèl teen die skuldigbevinding soos bedoel in klousule 5.2 van Artikel 3 of sy of haar onbevoeg verklaring soos bedoel in klousule 5.3 van Artikel 3.

3. For every shooting event a competent Range Officer shall be appointed who shall be the sole judge of any breach of the rules of safety.

   Vir elke skiet byeenkoms word ´n bevoegde Baanbeampte aangestel wat die enigste beoordelaar van enige verbreking van die veiligheid reëls is.

4. Depending on the nature and seriousness of the breach of safety, the Range Officer may warn the offender and/or bar him or her to participate any further in the day's events.

   Afhangende van die aard en erns van die verbreking van die veiligheid reëls kan die Baanbeampte dissiplinêr optree deur die oortreder te waarsku en/of hom of haar te verbied om vêrder aan die dag se aktiwiteite deel te neem. .

5. An order barring a member to participate in the day's events shall be followed by a disciplinary enquiry envisaged by Article 4.1.

   ´n Bevel waarvolgens ´n lid verbied word om aan die dag se aktiwiteite deel te neem sal opgevolg word met ´n dissiplinêre ondersoek soos bedoel in Artikel 4.1

6. Any act of omission by any member that brings the name of the Association into disrepute, will lead to a full investigation and a decision by the central committee on whether if justifies a disciplinary enquiry. Based on the seriousness of the situation it may lead to a member's expulsion or temporary suspension.

   Enige handeling of versuim deur enige lid wat die naam van die Vereniging skade veroorsaak, sal lei tot ´n volledige ondersoek en ´n besluit deur die Sentrale Komitee – gebaseer op die erns van die optrede- of dit ´n tug ondersoek regverdig. Gebaseer op die erns van die oortreding kan dit lei tot die opheffing van die lid se lidmaatskap of tydelike skorsing van die lid.

7. Should any applicant supply false or incorrect information and membership be granted to such an applicant based on the information, the member's membership may be suspended with immediate effect should if become know. A formal investigation will then be authorised by the Central Committee and a formal disciplinary enquiry held. Such may lead to permanent suspension of the member.

   Indien ´n voorgenome lid met sy of haar aansoek vals of verkeerde inligting verskaf en lid van die Vereniging word na aanleiding van die inligting, sal só lid onmiddellik tydelik geskors word en die Sentrale Komitee sal ´n formele ondersoek daarna laat doen and daarna ´n tugverhoor van stapel stuur. So ´n oortreding kan tot die opskorting van lidmaatskap lei.

8. I undertake to notify the association of any change in personal circumstances which includes any criminal investigation, any enquiry in terms of Section 102 or 103 of the Firearms Act 60 of 2000 or any change of registered particulars such as residential or postal address as defined in Section 25 of the Firearms Act 60 of 2000 within 30 days of such occurrence. Any amendments in contact information must be sent to above mentioned contact details.

   Ek onderneem om die Vereniging in kennis te stel van enige verandering in persoonlike omstandighede wat enige kriminele ondersoek, enige navraag in terme van Artikel 102 of 103 van die Vuurwapen wet 60 van 2000 of enige verandering van geregistreerde besonderhede soos die verandering van residensiële- of posadres soos in Artikel 25 van die Vuurwapen wet 60 van 2000 beskryf, binne 30 dae van welke verandering. Enige verandering in persoonlike kontak besonderhede moet na die bogenoemde kontak e-pos adres gestuur word.

9. I understand that the Associations financial year starts on 1 September and ends on 31 August of each year. It is my responsibility to insure my membership fees are paid up to date by the 1st of December each year. Any accounts enquiries can be directed to the above mentioned contact details.

   Ek verstaan dat die Vereniging se finansiële jaar begin op 1 September en eindig op die 31 Augustus van elke jaar. Dit is my verantwoordlikheid om voor 1 Desember van elke jaar my lidmaatskap op datum te betaal. Enige rekening navrae kan gerig word aan die bogenoemde kontak besonderhede.

10. It is further understood that in order to retain dedicated Sport status, I am compelled to partake in the various shoots as determined by the association – there are however extenuating circumstances such ill health, temporary absence and financial difficulties of which written proof must be provided. During the course of each year a total of 5 points must be accumulated to retain dedicated Sport Status.

    Dit word vêrder verstaan dat om die toegewyde Sport status te behou, ek verplig word om aan verskeie skiet-oefeninge deel te neem soos deur die Vereniging bepaal – daar is wel versagtende omstandighede soos slegte gesondheid, tydelike afwesigheid en ongesonde finansiële omstandighede waarvan skriftelike

bewys gelewer moet word. Gedurende die jaar moet 5 punte verdien word om toegewyde Sport Skiet Status te behou.

11. I understand that I will not be able to institute any legal action against the association if I fail to meet any of the requirements mentioned above and that the association is compelled by Regulation 2(12)(a) and Regulation 4(2)(b) of the Firearms Act 60 of 2000 to notify the Registrar should a member not adhere to the rules and regulations of the association and the Firearms Act.

Ek verstaan dat ek geen regsgeding sal kan instel teen die Vereniging as ek versuim om enige van die bogenoemde vereistes na te kom nie en dat die Vereniging verplig is in terme van Regulasie 2(12)(a) en Regulasie 4(2)(b) van die Vuurwapen wet 60 van 2000 om die Registrateur in kennis te stel indien ‘n lid versuim om die reels en regulasies van die Vereniging en die Vuurwapen wet na te kom.

I, _____ (Member name) Membership Number _____ of

_____ Branch, the undersigned, do hereby declare that:

1. I understand and accept the disciplinary code and

2. I undertake to strictly adhere to the rules as set out in the Constitution and Guidelines for Lowveld Hunters, Firearm Collectors, Sportshoot and Game Conservation Association

Ek, _____ (Lid naam) Lid Nommer _____ van

_____ Tak, die ondergetekende, verklaar hiermee dat:

1. Ek die dissiplinêre kode verstaan en

2. Ek onderneem om myself aan die Konstitusie en riglyne van Laeveld Jagters-,Vuurwapenversamelaars-, Sportskiet- en Wildbewaringsvereniging te onderwerp.

Handtekening / Signature: _____ Datum / Date: _____

Branch Chairman / Tak Voorsitter: _____ Datum / Date: _____